Verwysing: 20171009-5590
12/12/13/1
Navrae: R Larney

Omsendbrief: 0042/2017
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale van openbare skole en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief dien om riglyne voor te stel wanneer skole tydens die 2018-verkiesings aansoek doen om 'n afwyking van 'n enkele benoemings- en verkiesingsvergadering van beheerliggame, soos uiteengesit in die nuwe Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2017.*

Onderwerp: Riglyne vir die afwyking van 'n enkele benoemings- en verkiesingvergadering van beheerliggame

1. Die hersiene *Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2017*, soos gepubliseer in *Buitengewone Provinsiale Koerant* Nr. 7810 van 17 Augustus 2017, stel 'n beheerliggaam in staat om minstens 60 dae voor die datum van die verkiesing by die distriksdirekteur aansoek te doen om van die prosedure vir die benoeming en verkiesing van ouerlede af te wyk. Bylae A bevat die aansoekvorm wat skole deur hulle kringbestuurder by die distriksdirekteur moet indien.

2. Enige aansoek om 'n afwyking moet die beste belange van die skoolgemeenskap bevorder, voorsiening maak vir maksimum deelname van ouers wat graag wil stem, nie onbillik teen enige potensiële kieser diskrimineer nie, toelaat dat 'n billike benoemingsproses in die aanloop tot die verkiesings plaasvind, en seker maak dat ouers behoorlik van die besonderhede van die kandidate ingelig word.

3. Die skool se aansoek moet volledig gemotiveer word en die datum, tyd en wyse aandui waarop die skool van voorneme is om die alternatiewe benoemings- en verkiesingsprosesse van die ouerlede van die beheerliggaam te bestuur.

4. Skole moet die volgende minimum riglyne oor die verkiesings in ag neem voordat hulle by die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) aansoek doen om 'n afwyking van 'n enkele benoemings- en verkiesingsdag aan te bied:

4.1 Die aangewese kiesbeampte moet daartoe ingestem het en regdeur die verkiesingproses beskikbaar wees. Dié verkiesingsproses verwys na die tydperke waar ouers kan stem, d.w.s. een verlengde tyd of vasgestelde tye deur die loop van die dag.

4.2 Voldoende en doeltreffende veiligheids- en sekuriteitsmaatreëls sal in gereedheid gebring word om te verseker dat die integriteit van die verkiesings voortdurend gehandhaaf word.

4.3 Kommunikasie aan ouers moet verseker dat hulle voldoende ingelig is oor die benoemings- en verkiesingsprosedures wat gebruik gaan word.

5. Om 'n verkiesing ingevolge hierdie regulasies geldig te maak en benoemde kandidate as gekose te beskou, moet 'n kworum van ouers van minstens tien persent van die totale aantal ouers op die kieserslys in die verkiesing gestem het. Al is die aantal benoemings gelyk aan die aantal ouerlede op die beheerliggaam, moet 'n stemming gehou en 'n kworum behaal word, waarna 'n opvolgopname gedoen moet word.

6. 'n Beheerliggaam wat nie met die distriksdirekteur se besluit saamstem nie, kan binne 14 dae ná die besluit ontvang is, by die Hoof van die Departement (HvD) appèl aanteken.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle personeel en beheerliggaamlede.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-10-21

Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Bylae A

2018 BEHEERLIGGAAMVERKIESING

AANSOEK OM AFWYKING VAN 'N ENKELE BENOEMINGS- EN VERKIESINGSVERGADERING

Hierdie vorm moet minstens 60 dae voor die verkiesing van die ouerlede deur die beheerliggaam voltooi en aan die kringbestuurder gefaks of ge-e-pos word.

Naam van skool: _____ **Verkiesingslokaal:** _____

Onderwysdistrikskantoor: _____ **Kring:** _____

Voorgestelde datum en tyd van verkiesings:

1ste verkiesing: _____ **EN 2de verkiesing:** _____

Naam en kontaknommer van skoolkiesbeampte: _____

Nr.	Gereedheid om 'n afwyking van 'n enkele benoemings- en verkiesingsvergadering aan te bied	Ja	Nee	Kommentaar
1.	Die skoolkiesspan is in gereedheid gebring en sal regdeur die verkiesingstydperk beskikbaar wees.			
2.	Die alternatiewe verkiesingsprosedures asook enige besware sal aan alle ouers gekommunikeer word.			
3.	Prosesse is in gereedheid gebring om te verseker dat die benoeming van kandidate minstens 14 dae voor die verkiesingsdatum voltooi is, en dat ouers minstens sewe dae voor die verkiesingsdatum van die benoemdes se besonderhede ingelig is.			
4.	Die skool het 'n doeltreffende ondersteuningstrategie in gereedheid gebring om die maksimum deelname van ouers te verseker.			
5.	Die lokaal/lokale vir die verkiesingsvergadering is ingerig, en sal vir die volle duur van die verkiesing vir alle deelnemers beskikbaar wees.			
6.	Veiligheids- en sekuriteitsmaatreëls sal in gereedheid gebring word om die integriteit van die verkiesings te bewaar.			
7.	Geskikte naamborde, meubels en skryfbehoeftes (insluitende benoemdes se			

	besonderhede, stembusse en stemlokale) sal vir die verkiesingsvergadering beskikbaar wees.			
8.	Voorsiening is gemaak om die uitslae in die teenwoordigheid van die benoemdes aan te kondig.			
9.	Die afwyking sal vir 'n maksimum deelname van ouers toelaat sodat hulle gedurende die verkiesings kan stem.			
10.	Die afwyking sal nie onbillik teen enige potensiële stemmers diskrimineer nie.			
11.	Die afwyking sal nie die ouers se vermoë om vir kandidate te stem benadeel nie.			
Motivering *(Gee 'n volledige motivering vir die afwyking asook 'n beskrywing van hoe die skool te werk sal gaan om die benoeming en verkiesing van die ouerlede te bestuur.)*				

VERKLARING DEUR DIE SKOOLBEAMPTES

Ons, die ondergetekendes, verklaar hiermee dat die bogenoemde inligting korrek en volledig is.

_____	_____	_____
Naam van voorsitter van beheerliggaam	**Handtekening**	**Datum**
_____	_____	_____
Naam van prinsipaal	**Handtekening**	**Datum**

AFDELING B: MOET DEUR DIE DISTRIKSKANTOOR VOLTOOI WORD

1. MOET DEUR DIE KRINGBESTUURDER VOLTOOI WORD

Aansoek: Word aanbeveel / Word nie aanbeveel nie

Kommentaar

_____ _____ _____

Naam van kringbestuurder **Handtekening** **Datum**

2. MOET DEUR DIE DISTRIKSKIESBEAMPTE VOLTOOI WORD

Aansoek: Word aanbeveel / Word nie aanbeveel nie

Kommentaar

_____ _____ _____

Naam van distrikskiesbeampte **Handtekening** **Datum**

3. MOET DEUR DIE DISTRIKSDIREKTEUR VOLTOOI WORD

Aansoek: Goedgekeur / Nie goedgekeur nie / Gewysig

_____ _____ _____

Naam van distriksdirekteur **Handtekening** **Datum**